Johannes 7:37,38
Op die laaste dag, die groot dag van die Huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgroep: "As jy dors is, kom dan na My toe en drink. [38]Die een wat in My glo - soos die Skrif sê: 'Riviere lewende water sal uit sy binneste vloei.

Ons het die keuse om toe te laat dat ons eie ondankbaarheid, eie vermoëns en realistiese sienings ons kan laat uitmis op dit wat God vir ons in stoor het. Of ons kan elke dag vars manna, dit is die Woord van God, optel. Ons kan drink van die lewende water, dit is om in God se teenwoordigheid te wees en deur die Gees van God wat ons oral vergesel gelei te word. Dit is dan wat ons dit wat God vir ons in stoor het, in besit neem en sien en ervaar hoe wonderwerke deel raak van ons daaglikse bestaan.

GROEPBESPREKING

- Wat het jou die meeste geraak uit dit wat ons vandag saam gedeel het uit die Woord?
- In watter situasie is jy geneig om in jou eie krag en vermoëns op te tree?
- Is daar 'n area in jou lewe waar jy 'n wonderwerk nodig het?

PERSOONLIKE TOEPASSING

Kan jy eerlik met jouself wees en erken as daar moontlik ondankbaarheid of onvergenoegdheid in jou lewe ingesluit het. Kan jy dit voor God bring en Hom vra om weer jou oë oop te maak vir dit wat jy daagliks van Hom ontvang.

GEBED

Bid saam as 'n groep en vra God om jou geestesoë oop te maak sodat jy soos Josua en Kaleb nie op die reuse sal fokus nie maar op ons God vir wie niks onmoontlik is nie.

WEEK 2

KONNEKSIE

Het daar iets in die afgelope maand gebeur wat jy weet jy self nie kon regkry nie en dit iets was wat God vir jou gedoen of mee gehelp het. Deel dit met die groep.

WOORD

Hierdie is die begin van ons splinternuwe reeks *Wonderwerke*. God is 'n God wat wonderwerke doen. Hy het manna en kwartels in die woestyn voorsien, Hy het vir Abraham bonatuurlik 'n kind gegee, Hy het 'n pad deur die rooisee gemaak enHy het die son laat stil staan - om maar net 'n 'n paar te noem. Ons verwagting tydens hierdie reeks is dat jy sal weet en ervaar dat dieselfde God wat daardie tyd wonderwerke gedoen het, steeds vandag by ons is en steeds wonderwerke in ons lewens vandag wil doen.

1 Korintiërs 10:1-5
Liewe broers en susters, ek wil hê julle moet goed verstaan wat destyds met ons voorouers in die woestyn gebeur het. God het hulle almal gelei deur middel van 'n wolk wat oovruit gegaan het. Hulle het almal veilig deur die see getrek. [2]As volgelinge van Moses is hulle almal in die wolk en die see gedoop. [3]En hulle het almal van dieselfde wondervoedsel geëet [4]en almal van dieselfde wonderwater gedrink. Want hulle het uit die wonderrots gedrink wat hulle veresel het; en daardie rots was Christus. [5]En tog was God met die meeste van hulle ontevrede en het Hy hulle in die woestyn laat omkom.

In hierdie gedeelte herinner Paulus ons aan die wonderwerke wat God in die 40 jaar wat die Israeliete deur die woestyn getrek het, gedoen het en daardeur dus ook aan God se voorsiening, beskerming en teenwoordigheid.

1. God se Voorsiening

In die tweede jaar nadat Israel uit Egipte is, het God vir Moses gesê om al die mans wat twintig jaar en ouer is te tel. Hierdie getal was 603 550 en het die stam van Levi uitgesluit (Numeri 1). Daar was dus min of meer 2 miljoen mense (vroue en kinders ingesluit), 'n getal wat natuurlik toegeneem het oor die jare.

Jy kan saamstem dat hierdie 'n groot klomp mense bymekaar was en tog het God elke dag vir hulle bonatuurlik in soveel opsigte gesorg.

Daar was elke oggend genoeg manna vir elke persoon en elke aand was daar kwartels. Hierdie kos is wondervoedsel genoem omdat daar geen natuurlike bron gevind kon word daarvoor nie.

Ekosdus 16:13-15

Teen die and het daar kwartels aangevlieg gekom en oral in die laer gaan sit. Die volgende oggend het daar dou reg rondom die kamp gelê. 14Toe die dou later die dag verwyn, was die grond van die woestyn bedek met fyn vlokkies wat soos ys lyk. 15Die Israeliete was verwonderd toe hulle dit sien. Hulle het vir mekaar gevra: "Wat is dit?" want hulle het dit nie geken nie. Moses antwoord hulle: "Dit is die kos wat die Here vir julle gee om van te eet.

Selfs die klere aan hulle lywe het nie verslyt nie.

Deuteronimium 29:5

40 jaar lank het ek julle deur die woestyn gelei sonder dat julle klere of sandale verweer het.

2. God se Beskerming

God het 'n wolkkolom in die dag en 'n vuurkolom in die nag vir die Israeliete gegee. Die wolkkolom het voor hulle uitgegaan en so het God hulle gelei. Dit het ook as skadu in die dag en as lig en warmte in die nag gedien.

Eksodus 13:21-22

Gedrende die dag het die Here vir hulle die pad gewys met 'n hoë wolkstapel wat voor hulle uitgegaan het. Gedurende die nag het 'n wolk waarin vuur was vir hulle lig gegee. So kon hulle bly trek of dit nou dag of nag was. [22]Die wolkstapel in die dag en die vuurwolk in die nag het nooit voor die volk weggegaan nie.

God het Israel ook met die wolk- en vuurkolom teen die Egiptenare beskerm, net voor hulle deur die rooisee is.

Eksodus 13:19-20

God se boodskapper wat die optog van Israel gelei het, het toe agter hulle gaan staan. Die wolkkolom wat voor hulle uit beweeg het, het ook agter hulle ingeskuif [20]sodat dit gehang het tussen die plek waar die Israeliete kamp opgeslaan het waar die Egiptiese kamp was. Dit was donker aan Egipte se kant, maar gedurende die nag was dit lig aan Israel se kant. Die twee groepe kon nie deur die nag nader aan mekaar kom nie.

3. God se Teenwoordigheid

God het die Israeliete tot by Rifidim gelei. Daar was nie genoeg water vir die Israeliete om te drink nie. God het toe vir Moses gesê om die rots by Horeb te slaan. Daar het water uit die rots gekom wat genoeg was vir die min of meer twee miljoen mense en hulle diere om te drink. Hierdie rots, volgens 1 Korintiërs 10, het hulle vergesel en hierdie rots was Christus. God het hulle nooit verlaat nie. Die wondervoedsel en wonderwater, die wolk- en vuurkolom en soveel ander gebeure, is die bewys daarvan.

Die Israeliete was, te midde van soveel wonderwerke, nooit tevrede nie en hulle het baie gekla. Die gevolg daarvan was dat hulle nie kon raaksien dat dit wat God in hulle midde doen bonatuurlik was nie. Selfs 10 van die 12 verspieders kon net 'n slegte verslag van die beloofde land terugbring en kon nie sien hoe dieselfde God wat soveel wonderwerke reeds gedoen het, vir hulle die beloofde land sou kon gee nie.

Moses het as gevolg so frustreerd geraak met hierdie volk dat hy in plaas van om die tweede keer met die rots te praat, dit weer geslaan het. Moses se frustrasie het versoorsaak dat hy in sy eie vermoë begin optree het en daardeur ongehoorsaam was aan God en die verkeerde besluit geneem het.

Dieselfde God wat wonderwerke doen is steeds met ons vandag. Die Rots, Christus Jesus is geslaan en gekruisig sodat ons vandag lewende water kan drink. Hy vergesel ons waar ons gaan en sal ons nooit verlaat of in die steek laat nie.